



## **WBTI-HANDLEIDING 2023**

**Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI)-handleiding,  
2023 saamgestel ingevolge artikel 14 van die Wet op die  
Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (soos  
gewysig) vir die Wes-Kaapse Departement van Landbou  
(WKDvL)**

**DATUM VAN SAMESTELLING: JUNIE 2022**

**DATUM VAN HERSIENING: DESEMBER 2022**

## INHOUDSOPGAWE

1.	LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS	3
2.	DOEL VAN DIE WBTI-HANDLEIDING	3
3.	VESTIGING van die WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN LANDBOU (WKDvl)	4
3.1	DOELWITTE/MandaAt	4
4.	STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN DIE WKDVL	5
4.1	STRUKTUUR	5
4.2	FUNKSIES	6
5.	SLEUTELKONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING VAN DIE WKDVL	13
6.	BESKRYWING VAN ALLE OPLOSSINGS BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN OPTREDE OF VERSUIM OM OP TE TREE DEUR DIE WKDVL	Error! Bookmark not defined.
7.	HANDLEIDING OOR HOE OM DIE WBTI TE GEBRUIK EN HOE OM TOEGANG TOT DIE HANDLEIDING TE BEKOM	14
8.	BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE WAAROO DIE LIGGAAM REKORDS STOO EN KATEGORIEË VAN REKORDS WAT DEUR DIE wkDvl GESTOOR WORD	16
9.	KATEGORIEË REKORDS VAN DIE wkDvl WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS SONDER VERSOEK OM TOEGANG	25
10.	DIENSTE VAN DIE WKDVL BESKIKBAAR AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK EN HOE OM TOEGANG TOT DAARDIE DIENSTE TE BEKOM	26
11.	OPENBARE BETROKKENHEID BY DIE FORMULERING VAN BELEID OF DIE UITVOERING VAN MAGTE OF VERRIGTING VAN PLIGTE DEUR WKDVL	27
12.	VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING	28
12.1	DOEL VAN DIE VERWERKING	28
12.2	BESKRYWING VAN DIE KATEGORIEË VAN DATA-ONDERWERPE, INLIGTING VERWERK EN ONTVANGERS DAARVAN	28
12.3	BEPLANDE VLOEI VAN PERSOONLIKE INLIGTING OOR GRENSE HEEN	29
12.4	ALGEMENE BESKRYWING VAN INLIGTINGSVEILIGHEIDSMATREËLS WAT DEUR DIE WKDVL IN WERKING GESTEL GAAN WORD OM DIE VERTROUOLIKHEID, INTEGRITEIT EN BESKIKBAARHEID VAN DIE INLIGTING TE VERSEKER	29
13.	TOEGANKLIKHEID EN BESKIKBAARHEID VAN HIERDIE HANDLEIDING	31
14.	BYWERKING VAN DIE HANDLEIDING	32
	BYLAE A:	33
	RIGLYNE OOR TOEGANG TOT REKORDS WAT NIE OUTOMATIES BESKIKBAAR IS NIE	Error!

Bookmark not defined.

## 1. LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS

1.1	“AIB”	Adjunkinligtingsbeampte
1.2	“DvdP”	Departement van die Premier
1.3	“DH”	Departementshoof
1.4	“IB”	Inligtingsbeampte
1.5	“LUR”	Lid van die Uitvoerende Raad
1.6	“WBTI”	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000
1.7	“WOFB”	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
1.8	“WBPI”	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013
1.9	“SDW”	Staatsdienswet, Proklamasie 103 van 1994
1.10	“Reguleerder”	Inligtingsreguleerder
1.11	“die Grondwet”	Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
1.12	“WKDvL”	Wes-Kaapse Departement van Landbou
1.13	“WKR”	Wes-Kaapse Regering

## 2. DOEL VAN DIE WBTI-HANDLEIDING

Hierdie WBTI-handleiding kan deur lede van die publiek gebruik word om:

- 2.1 die aard van die rekords wat moontlik reeds by Wes-Kaapse Departement van Landbou (WKDvL) beskikbaar is na te gaan, sonder dat dit nodig is om 'n formele WBTI-versoek in te dien
- 2.2 te verstaan hoe om 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die WKDvL te rig.
- 2.3 al die tersaaklike kontakbesonderhede te verkry van die persone wat die publiek gaan bystaan met die rekords waartoe hulle toegang wil verkry.
- 2.4 bewus te wees van al die oplossings wat van die WKDvL beskikbaar is met betrekking tot 'n versoek om toegang tot die rekords voordat die Reguleerder of the howe genader word.
- 2.5 'n beskrywing te bekom van die dienste van die WKDvL wat aan lede van die publiek beskikbaar is en hoe om toegang tot daardie dienste te verkry.
- 2.6 'n beskrywing te verkry van die handleiding oor hoe om WBTI, soos deur die Reguleerder bygewerk, te gebruik en hoe om toegang daartoe te verkry.
- 2.7 te weet of die WKDvL persoonlike inligting sal verwerk en ingelig te wees omtrent die doel van die verwerking van persoonlike inligting en die

beskrywing van die kategorieë van data-onderwerpe en van die inligting of kategorieë van inligting wat daarmee verband hou.

- 2.8** te weet of die WKDvL beplan het om persoonlike inligting buite die Republiek van Suid-Afrika oor te dra of te verwerk en kennis te dra van die ontvangers of kategorieë van ontvangers aan wie die persoonlike inligting verskaf kan word.
- 2.9** te weet of die WKDvL toepaslike sekuriteitsmaatreëls in werking gestel het om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van die persoonlike inligting wat verwerk moet word, te verseker.

### **3. VESTIGING VAN DIE WKDVL**

Die WKDvL is 'n provinsiale struktuur binne die staatsdiens wat ingevolge artikel 197 van die Grondwet ingestel is. Die SDW wat uitvoering gee aan artikel 197 van die Grondwet maak in artikel 7 daarvan voorsiening vir provinsiale departemente.

#### **3.1 Doelwitte/Mandaat**

Die WKDvL ontleen sy mandaat aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Artikel 40 van die Grondwet gee grondwetlike vorm aan die regering op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak. Dit gaan ook van die veronderstelling uit dat regering op hierdie vlakke eiesoortig, interafhanklik en onderling gebonde moet wees.

Dit is belangrik om daarop te let dat artikel 41(1) begin om die verhouding tussen die drie regeringsfere wat geskep is, te reguleer. Meer spesifiek, beslis dit dat alle sfere van regering die volgende moet doen:

- a) Verseker die welstand van die burgers van die Republiek (artikel 41 (b)).
- b) Respekteer die grondwetlike status, instellings, magte en funksies van die regering in ander sfere (artikel 41 (e)).
- c) Geen bevoegdheid of funksie aanvaar nie behalwe dié wat ingevolge die Grondwet aan hulle toegeken is (Artikel 41 (f)).
- d) Voer hul magte uit en vervul hul funksies op 'n wyse wat nie die geografiese, funksionele of institusionele integriteit van die regering van 'n ander sfeer aantast nie (Artikel 41 (g)).

Hieruit volg die beginsel soos in die Grondwet vasgelê, naamlik dat drie regeringsfere gevestig word en dat aan elkeen sekere bevoegdhede en verantwoordelikhede toegeken word. Verder is die een sfeer nie 'n filiaal van enige ander een nie en om hierdie rede die verwysing na 'n multi-sfeer regering in die inleiding.

Artikel 41 (2) van die Grondwet stipuleer dat 'n wet uiteindelik aangeneem word om hierdie verhouding tussen die drie regeringsfere te reguleer. Die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge is vanuit hierdie perspektief gebore. In wese maak hierdie Wet, algemeen bekend as die IRV-wet, voorsiening vir 'n aantal platforms waar funksionele en koördineringskwessies tussen die verskillende sfere van die regering bespreek kan word.


Artikel 104(1)(b) van die Grondwet dra die mag aan provinsies oor om wetgewing aan te neem met betrekking tot enige saak met 'n funksionele gebied gelys in Bylae 4 en 5 van die Grondwet.

In die geval van sekere kwessies word wetgewende bevoegdhede aan meer as een regeringsfeer toegeken; die sogenaamde samelopende funksies.

## 4. STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN DIE WKDvL

### 4.1 Struktuur

## Organogram



## 4.2 Funksies van die Departement

### 4.2.1 Program: Administrasie (Program 1):

#### 4.2.1.1 Kantoor van die LUR:

Om prioriteite en politieke instruksies te bepaal om die behoeftes van die kliënte te bevredig. (Vir die doeltreffende funksionering van die LUR se kantoor).

#### 4.2.1.2 Senior Bestuur:

Om beleidsrigtings en prioriteite om te skakel in strategieë vir doeltreffende dienslewering en om prestasie te bestuur, te monitor en te beheer.

#### Strategiese Doelwit:

Om die aktiwiteite van die Departement te lei en die belyning tussen die drie sfere van regering te versterk.

#### 4.2.1.3 Korporatiewe Dienste:

Om koördinasie- of ondersteuningsdienste te verskaf soos van toepassing op die ander programme met betrekking tot menslike hulpbronbestuur en mensekapitaalontwikkeling, ondersteunende instandhouding van fasiliteite, registerdienste, sekuriteit en veiligheid.

#### Strategiese Doelwitte:

Om die verskaffing van operasionele steundienste vir die Departement te verseker, wat infrastruktuurondersteuningsdienste insluit, dit wil sê instandhouding- en verblyfbestuur, daaglikse kantoorondersteuning, beroepsgesondheid en sekuriteitsdienste, argiewe en elektroniese inhoudbestuursdienste, programondersteuningsdienste, en bestuur van alle eksterne mensekapitaalontwikkelingsprogramme.

#### 4.2.1.4 Finansiële Bestuur:

Om effektiewe steundiens (insluitend monitering en beheer) te verskaf met betrekking tot begroting, finansiële rekeningkunde, roerende bates, motorvlootdiens, voorsiening en verkryging en die bestuur van inligtingstegnologie.

#### Strategiese Doelwit:

Goeie bestuur wat bevestig word deur doeltreffende finansiële bestuur en administrasie en bestuur wat gevestig is in prosesse en

stelsels volgens die diensleweringbehoefte van die Departement.

#### **4.2.1.5 Kommunikasiedienste:**

Om te fokus op interne en eksterne kommunikasie van die Departement deur geskrewe, verbale, visuele en elektroniese media, asook bemaking en advertensies van die departementele dienste.

##### **Strategiese Doelwit:**

Aktiwiteite van die Departement effektief bekend maak.

#### **4.2.2 Program: Volhoubare gebruik en bestuur van hulpbronne (Program 2):**

##### **Strategiese Doelwit:**

Die Program: Volhoubare gebruik en bestuur van hulpbronne lewer 'n steundiens aan alle boere in die Provinsie, en die groot klem is om die huidige natuurlike hulpbronne in stand te hou en te verbeter deur implementering van projekte, toepassing van regulasies en kommunikasieveldtogte. In sy pogings om die algehele volhoubaarheid van die landbousektor te verseker, is die fokus op intervensies op plaasvlak. Die impak van klimaatsverandering gaan heel eerste deur Program 2 gevoel word en die veranderinge in metodologieë om boere te ondersteun sal hierdie program dwing om innoverend te bly.

##### **Doel:**

Die doel van die Program is om landbou-ondersteuningsdienste aan boere te verskaf ten einde volhoubare ontwikkeling en bestuur van landbouhulpbronne te verseker.

#### **4.2.2.1 Ingenieursdienste:**

Om ingenieursondersteuning (beplanning, ontwikkeling, monitering en evaluering) te verskaf met betrekking tot besproeiingstechnologie, meganisasie op die plaas, waardetoevoegende infrastruktuur, plaasstrukture en hulpbronnabewaringsbestuur.

##### **Strategiese Doelwit 1:**

Om die optimale en volhoubare benutting van die Wes-Kaap se grond- en waterbronne te bevorder.

##### **Strategiese Doelwit 2:**

Om 'n ingenieursdiens te lewer om produksie en boerdery lewensvatbaarheid te verhoog.

#### **4.2.2.2 LandCare (Grondversorging):**

Om die volhoubare gebruik en bestuur van natuurlike landbouhulpbronne te bevorder deur deel te neem aan

gemeenskapsgegronde inisiatiewe wat maatskaplike, ekonomiese en omgewingsvolhoubaarheid ondersteun en wat lei tot groter produktiwiteit, voedselsekerheid, werkskepping en beter welstand vir almal.

**Strategiese Doelwit:**

Bevorder die bewaring van die natuurlike landbouhulpbronne.

**4.2.2.3 Grondgebruikbestuur:**

Om die bewaring en volhoubare gebruik van landbougrond te bevorder deur die toepassing van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond (WOLG) en die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (WBLH).

**Strategiese Doelwit:**

Lewer kommentaar oor onderverdeling en hersonering van landbougrondaansoeke.

**4.2.2.4 Ramprisikobestuur:**

Om 'n steundiens vir landbouramprisikobestuur aan kliënte/boere te lewer.

**Strategiese Doelwit:**

Verskaf 'n rampbestuursdiens aan ons kliënte op 'n proaktiewe en reaktiewe basis.

**4.2.3 Program: Landbouprodusentondersteuning en -ontwikkeling (Program 3):**

Die doel van die Program is om ondersteuning aan boere te bied deur middel van landbou-ontwikkelingsprogramme.

**4.2.3.1 Vestiging en ontwikkeling van boere:**

Om ondersteuning aan kleinboere en kommersiële boere te verskaf deur volhoubare landbou-ontwikkeling.

**Strategiese Doelwit:**

Grondhervorming gefasiliteer deur landbou-ondersteuning.

**4.2.3.2 Uitbreidings- en adviesdienste:**

Om uitbreidings- en adviesdienste aan boere te lewer.

**Strategiese Doelwit:**

Om te verseker dat plase suksesvolle sake-ondernemings word deur die produksie van landbouprodukte vir die plaaslike en



internasionale markte te verhoog.

#### **4.2.3.3 Voedselsekerheid:**

Om die implementering van die Nasionale Beleid oor Voedsel- en Voedingsekerheid te ondersteun, advies daarvoor te lewer en dit te koördineer.

##### **Strategiese Doelwit:**

Fasiliteer toegang tot bekostigbare en diverse voedsel vir die voedselonseker en kwesbare gemeenskappe.

#### **4.2.3.4 CASIDRA (Kaapse agentskap vir volhoubare geïntegreerde ontwikkeling in die platteland) SOC Bpk:**

Om die Departement met die implementering van projekte en die bestuur van staatsplase te ondersteun.

### **4.2.4 Program: Veeartsenykundige Dienste (Program 4):**

Die doel van die Program is om veeartsenykundige dienste aan kliënte te verskaf ten einde gesonde diere, veilige diereprodukte en die welsyn van die mense van Suid-Afrika te verseker.

#### **4.2.4.1 Dieregesondheid:**

##### **Strategiese Doelwit:**

Opsporing, voorkoming en beheer of uitwissing van ernstige dieresiektes.

#### **4.2.4.2 Uitvoerbeheer:**

##### **Strategiese Doelwit:**

Voorsien 'n bemagtigende omgewing vir uitvoersertifisering vir diere en diereprodukte van die Wes-Kaap.

#### **4.2.4.3 Veeartsenykundige Openbare Gesondheid:**

##### **Strategiese Doelwit:**

Vervul 'n verpligte wetgewende rol deur die implementering van die Wet op die Veiligheid van Vleis (Wet 40 van 2000), die Wet op Dieresiektes (Wet 35 van 1984) en ander tersaaklike wetgewing.

#### **4.2.4.4 Veeartsenykundige Laboratoriumdienste:**

##### **Strategiese Doelwit:**

Lewer 'n doeltreffende en toepaslike veeartsenykundige diagnostiese diens.

#### **4.2.5 Program: Navorsings- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste (Program 5):**

Die doel van die program is om kundige en behoefte-gegronde navorsing, ontwikkeling en tegnologie-oordragdienste te lewer wat 'n impak op ontwikkelingsdoelwitte het.

##### **Strategiese Doelwit:**

Om toegang tot toepaslik verpakte inligting uit navorsing na boere en kliënte uit te brei en om die tegniese kommunikasiepoging van die Departement te verbeter.

Die subprogramme het die volgende doelwitte:

##### **4.2.5.1 Navorsing:**

Om landbouproduksie te verbeter deur middel tot langtermyn navorsing en tegnologie-ontwikkeling uit te voer, te fasiliteer en te koördineer.

##### **Strategiese Doelwitte:**

Voer landbounavorsing uit en ontwikkel tegnologie.  
Verhoog impakbeperkings en aanpassingsopsies teen klimaatsverandering vir boere.  
Voer gesprekke met rolspelers om tersaaklike navorsingbehoefte te bepaal.

##### **4.2.5.2 Tegnologie-oordragdienste:**

Om inligting oor navorsing en tegnologie wat ontwikkel is na kliënte, medekollegas en die wetenskaplike gemeenskap te versprei.

##### **Strategiese Doelwit:**

Verhoog toegang tot wetenskaplike en tegniese inligting oor landbouproduksiepraktyke aan boere en kliënte.

##### **4.2.5.3 Navorsingsinfrastruktuur-steundiens:**

Om infrastruktuurfasiliteite te bestuur en in stand te hou sodat die lynfunksie hul navorsings- en tegnologie-oordragfunksies, d.w.s. eksperimentele plase, kan verrig.

##### **Strategiese Doelwit:**

Verhoog die infrastruktuur-ondersteuning aan die navorsingspoging en departementele dienste op die plaas.

#### **4.2.6 Program: Landbou-ekonomiese Dienste (Program 6):**

Die doel van die Program is om tydige en toepaslike landbou-ekonomiese dienste te lewer om billike deelname aan die ekonomie te verseker.

Die subprogramme het die volgende doelwitte:

##### **4.2.6.1 Produksie-ekonomie en Markondersteuning:**

Om produksie-ekonomie en bemarkingsdienste aan landbou-ondernemings te lewer.

##### **Strategiese Doelwit:**

Bedien landbou-rolspelers met raad oor landbou-ekonomie.

##### **4.2.6.2 Agroverwerkingsondersteuning:**

##### **Doel:**

Om agroverwerkingsinisiatiewe te fasiliteer ten einde deelname aan die waardekanal te verseker.

##### **Strategiese Doelwit:**

Agroverwerkingsinisiatiewe geloods om agroverwerking te ondersteun.

##### **4.2.6.3 Makro-ekonomiese Ondersteuning:**

Om makro-ekonomiese en statistiese inligting oor die prestasie van die landbousektor te verskaf ten einde beplanning en besluitneming te bepaal.

##### **Strategiese Doelwit:**

Inligtingsaktiwiteite verrig om gesonde besluitneming te ondersteun.

#### **4.2.7 Program: Landbou-onderrig en -opleiding (Program 7):**

Die doel van die Program is om landbou-onderrig en -opleiding te fasiliteer wat belyn is met die Nasionale Onderwys en Opleidingstrategie vir Landbou, Bosbou en Visserye (NOOSLBV) en te voldoen aan gehalte standaarde van die Hoër Onderwys Gehaltekomitee, ten einde 'n ingeligte, florerende en mededingende landbousektor te vestig.

Die subprogramme het die volgende doelwitte:

##### **4.2.7.1 Hoër Onderwys en Opleiding (HOO):**

Om tersiêre landbou-onderrig en opleiding vanaf NKR vlak 5 en hoër te lewer aan enigeen wat aan die minimum vereistes voldoen.

#### **4.2.7.2 Landbouvaardigheidsontwikkeling (LVO):**

Om formele en informele beroepsonderrig en opleidingsprogramme op NKR vlak 1-4 vir belangstellende landbou-rolspelers aan te bied.

##### **Strategiese Doelwit:**

Om te verseker dat opleiding om landbouvaardighede te ontwikkel, sowel as geakkrediteerde Leerlingskapprogramme voorsien word.

#### **4.2.8 Program: Landelike Ontwikkeling (Program 8):**

Die doel van die Program is om die ontwikkelingsprogramme wat deur rolspelers in landelike gebiede gefasiliteer word, te koördineer.

Die subprogramme het die volgende doelwitte:

##### **4.2.8.1 Koördinering van Landelike Ontwikkeling:**

###### **Doel:**

Om ontwikkeling in spesifieke landelike gebiede (GLOP) oor die drie sfere van die regering heen te inisieer, te beplan en te monitor ten einde behoeftes wat geïdentifiseer is, te takel.

###### **Strategiese Doelwit:**

Om die implementering van die nasionale GLOP in die geselekteerde landelike streke in die Wes-Kaap suksesvol te koördineer.

##### **4.2.8.2 Maatskaplike Fasilitering:**

###### **Doel:**

Om gemeenskappe te betrek ten opsigte van prioriteite en om organisatoriese strukture (NRO's ens.) in die gemeenskap te institusionaliseer en te ondersteun.

###### **Strategiese Doelwit:**

Fasiliteer maatskaplike samehorigheid en ontwikkelingspogings, as deel van die GLOP, in die geselekteerde landelike ontwikkelingsgebiede in die Wes-Kaap.

##### **4.2.8.3 Plaaswerkerontwikkeling:**

###### **Doel:**

Om die beeld en sosio-ekonomiese omstandighede van landbouwerkers en hul familieledede deur die fasilitering van

opleidings- en ontwikkelingsinisiatiewe te verbeter.

## **5. SLEUTELKONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING VAN DIE WKDvL**

### **5.1 Inligtingsbeampte**

Naam: Dr. Mogale Sebopetsa  
Tel: 021 808 5004  
E-pos: [Mogale.Sebopetsa@westerncape.gov.za](mailto:Mogale.Sebopetsa@westerncape.gov.za)  
Faksnommer: 021 808 5000

### **5.2 Adjunkinligtingsbeampte**

Naam: Mnr. Darryl Jacobs  
Tel: 021 808 5013  
E-pos: [Darryl.Jacobs@westerncape.gov.za](mailto:Darryl.Jacobs@westerncape.gov.za)  
Faksnommer: Nie van toepassing

### **5.3 Toegang tot inligting algemene kontakte**

E-pos: [DOA.Info@westerncape.gov.za](mailto:DOA.Info@westerncape.gov.za)

### **5.4 Hoofkantoor**

Posadres: Privaat Sak X1, Elsenburg, 7607  
Fisiese adres: Muldersvleiweg, Elsenburg, 7607  
Telefoon: 021 808 5111  
E-pos: [DOA.Info@westerncape.gov.za](mailto:DOA.Info@westerncape.gov.za)  
Webtuiste: <https://www.elsenburg.com>

## **6. BESKRYWING VAN ALLE OPLOSSINGS BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN OPTREDE OF VERSUIM OM OP TE TREE DEUR DIE WKDvL**

Wetgewing van toepassing op die WKDvL kan voorsiening maak vir 'n interne hersienings- of appèlprosedure. Sou hierdie prosedure uitgeput word, of geen voorsiening vir sodanige prosedure gemaak word nie, kan die hof genader word vir 'n gepaste bevel ingevolge die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000.

Vrae, klagtes of kommentaar oor enige dienslewering deur die WKDvL kan op die volgende maniere ingedien word:

Telefoon: 021 808 5111, Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 16:30

## **7. HANDLEIDING OOR HOE OM DIE WBTI TE GEBRUIK EN HOE OM TOEGANG TOT DIE HANDLEIDING TE BEKOM**

**7.1** Die Reguleerder het, ingevolge artikel 10(1) van die WBTI, die hersiene gids oor hoe om die WBTI ("Handleiding") te gebruik bygewerk en in 'n maklik verstaanbare formaat beskikbaar gestel, soos redelikerwys vereis kan word deur 'n persoon wat enige reg wil uitoefen wat in die WBTI en die WBPI beoog word.

**7.2** Die Handleiding is in elk van die drie amptelike tale beskikbaar.

**7.3** Die Handleiding bevat die beskrywing van-

7.3.1 die oogmerke van die WBTI en die WBPI;

7.3.2 die pos- en straatadres, telefoon- en faksnommer en, indien beskikbaar, e-posadres van -

7.3.2.1 die Inligtingsbeampte van elke openbare liggaam, en

7.3.2.2 elke Adjunkinligtingsbeampte van elke openbare en privaatliggaam aangewys ingevolge artikel 17(1) van die WBTI 1 en artikel 56 van die WBPI2;

7.3.3 Die wyse en formaat van 'n versoek om -

7.3.3.1 toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam beoog in artikel 113; en

7.3.3.2 toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam beoog in artikel 504;

---

<sup>1</sup> Artikel 17(1) van die WBTI – Vir die doeleindes van die WBTI moet elke openbare liggaam, onderhewig aan wetgewing wat die indiensneming van personeel van die betrokke openbare liggaam reguleer, die getal persone as adjunkinligtingsbeamptes aanwys wat benodig word om die openbare liggaam so toeganklik as redelikerwys moontlik te maak vir versoekers van sy rekords.

<sup>2</sup> Artikel 56(a) van die WBPI – Elke openbare en privaatliggaam moet voorsiening maak, op die wyse voorgeskryf in artikel 17 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, met die nodige veranderinge, vir die aanwys van so 'n getal persone, indien enige, as adjunkinligtingsbeamptes wat benodig word om die pligte en verantwoordelikhede uit te voer soos uiteengesit in artikel 55(1) van die WBPI.

<sup>3</sup> Artikel 11(1) van die WBTI – 'n Aansoeker moet toegang gegee word tot 'n rekord van 'n openbare liggaam indien daardie aansoeker voldoen aan al die prosedurele vereistes in die WBTI met betrekking tot 'n versoek om toegang tot daardie rekord; en toegang tot daardie rekord word nie geweier ingevolge enige gronde vir weiering beoog in Hoofstuk 4 van hierdie Deel nie.

<sup>4</sup> Artikel 50(1) van die WBTI – 'n Aansoeker moet toegang gegee word tot enige rekord van 'n privaatliggaam indien

- a) daardie rekord vereis word vir die uitoefening of beskerming van enige regte;
- b) daardie persoon voldoen aan die prosedurele vereistes in die WBTI met betrekking tot 'n versoek om toegang tot daardie rekord; en
- c) toegang tot daardie rekord nie geweier word ingevolge enige gronde vir weiering beoog in Hoofstuk 4 van hierdie Deel nie.

- 7.3.4 Die bystand wat van die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam beskikbaar is ingevolge die WBTI en die WBPI;
- 7.3.5 Die bystand wat van die Reguleerder beskikbaar is ingevolge die WBTI en die WBPI;
- 7.3.6 Alle regsoplossings wat beskikbaar is ten opsigte van optrede of versuim om op te tree ten opsigte van 'n reg of plig toegeken of opgelê deur die WBTI en die WBPI, insluitend die manier waarop dit toegeken is-
- 7.3.6.1 'n Interne appèl;
- 7.3.6.2 'n Klage by die Reguleerder; en
- 7.3.6.3 'n Aansoek by die hof teen 'n besluit deur die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam, 'n besluit oor interne appèl of 'n besluit deur die Reguleerder of 'n besluit van die hoof van 'n privaatliggaam;
- 7.3.7 die bepalings van artikel 145 en 516 wat vereis dat 'n openbare liggaam en private liggaam onderskeidelik 'n handleiding saamstel en hoe om toegang tot 'n handleiding te verkry;
- 7.3.8 die bepalings van artikel 157 en 528 wat voorsiening maak vir die vrywillige openbaarmaking van kategorieë rekords deur onderskeidelik 'n openbare liggaam en private liggaam;
- 7.3.9 die kennisgewings uitgereik ingevolge artikel 229 en 5410 in verband met fooie wat betaal moet word ten opsigte van versoeke om toegang; en
- 7.3.10 die regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 9211.

<sup>5</sup> Artikel 14(1) van WBTI- Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet, in ten minste drie amptelike tale, 'n handleiding beskikbaar stel wat inligting bevat wat in paragraaf 4 hierbo gelys is.

<sup>6</sup> Artikel 51(1) van WBTI- Die hoof van 'n private liggaam moet 'n handleiding beskikbaar stel wat die beskrywing bevat van die inligting gelys in paragraaf 4 hierbo.

<sup>7</sup> Artikel 15(1) van WBTI- Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet op die voorgeskrewe wyse 'n beskrywing van die kategorieë rekords van die openbare liggaam beskikbaar stel wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang hoef te versoek.

<sup>8</sup> Artikel 52(1) van WBTI- Die hoof van 'n private liggaam kan op 'n vrywillige basis op die voorgeskrewe wyse 'n beskrywing van die kategorieë rekords van die private liggaam beskikbaar stel wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang hoef te versoek.

<sup>9</sup> Artikel 22(1) van WBTI- Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet by kennisgewing van die aansoeker vereis om die voorgeskrewe versoekfooie (indien enige) te betaal voordat die versoek verder verwerk word.

<sup>10</sup> Artikel 54(1) van WBTI- Die hoof van 'n private liggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet by kennisgewing van die aansoeker vereis om die voorgeskrewe versoekfooie (indien enige) te betaal voordat die versoek verder verwerk word.

<sup>11</sup> Artikel 92(1) van die WBTI bepaal dat –“Die Minister kan, met 'n kennisgewing in die Staatskoerant, regulasies uitgevaardig rakende -

(a) enige aangeleentheid wat deur hierdie Wet vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word;

(b) enige aangeleentheid met betrekking tot die gelde beoog in artikel 22 en 54;

(c) enige kennisgewing wat deur hierdie Wet vereis word;

(d) eenvormige kriteria wat deur die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam toegepas moet word wanneer daar besluit word watter kategorieë rekords ingevolge artikel 15 beskikbaar gestel moet word; en

(e) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Wet.”

7.4 Lede van die publiek kan die Handleiding by die kantore van die openbare of private liggame, insluitend die kantoor van die Reguleerder, gedurende kantoorure inspekteer of afskrifte daarvan maak. Die Handleiding kan ook verkry word-

7.4.1 deur 'n versoek aan die Inligtingsbeampte te rig;

7.4.2 Die kontakbesonderhede van die Reguleerder verskyn hieronder.

<b>Die Kantoor van die Inligtingsreguleerder</b>	
<b>Telefoon</b>	Nie beskikbaar nie
<b>Faks</b>	Nie beskikbaar nie
<b>E-posadres</b>	Algemene navrae: <a href="mailto:enquiries@inforegulator.org.za">enquiries@inforegulator.org.za</a>  Klagtes: <a href="mailto:PAIAcomplaints@inforegulator.org.za">PAIAcomplaints@inforegulator.org.za</a> / Klagtes: <a href="mailto:POPIAcomplaints@inforegulator.org.za">POPIAcomplaints@inforegulator.org.za</a>
<b>Posadres</b>	Posbus 31533 Braamfontein, Johannesburg, 2017
<b>Straatadres</b>	JD House Stiemens Straat 27 Braamfontein, Johannesburg, 2001
<b>Webtuiste</b>	<a href="https://www.justice.gov.za/inforeg/">https://www.justice.gov.za/inforeg/</a>

## **8. BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE WAAROO DIE LIGGAAM REKORDS STOO EN KATEGORIEË VAN REKORDS WAT DEUR DIE WKDVL GESTOOR WORD**

Die WKDvL stoor rekords oor die volgende onderwerpe en kategorieë:

<b>KATEGORIEË EN ONDERWERPE</b>	<b>Program Vereis 'n versoek</b>	<b>Program Outomaties beskikbaar (Vrylik toeganklike data)</b>
<b>Organisasie en beheer (bv.)</b>		



<ul style="list-style-type: none"> <li>- Herorganisasie van funksies;</li> <li>- Delegering van bevoegdhede;</li> <li>- Beplanning;</li> <li>- Kantoorinstruksies en kodes;</li> <li>- Organisasoriese Prestasiestelsels;</li> <li>- Jaarlikse publikasies oor die meting van 'n stel uitkomsaanwysers binne sleutel (i) beleidstematiese gebiede; en (ii) bestuursaanwysers;</li> <li>- Verslae;</li> <li>- Asseseringsverslae wat aan die Kabinet oor die WKR-kommunikasie-omgewing ingedien is;</li> <li>- Statutêre verslae aan die Provinsiale Tesourie voorgelê;</li> <li>- Beleid en Strategie;</li> <li>- Asseseringsverslag oor die belyning/nie-belyning van die Departement se JPP met die Provinsiale Strategiese Plan (PSP);</li> <li>- Vorderingsverslag aan die Kabinet voorgelê oor die implementering van die PSP;</li> <li>- Beleids- en strategiedokumente in reaksie op nasionale en provinsiale strategiese opdragte;</li> <li>- Strategiese Bestuursinligting;</li> <li>- Gekonsolideerde verslae oor sleutelvennootskappe en gesprekvoeringsgeleenthede.</li> </ul>	<p>Program 1</p>	
<p><b>Statutêre en regulerende raamwerk / wetgewing</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Nasionale Grondwetlike Raamwerk;</li> <li>- Internasionale wetgewing;</li> <li>- Nasionale wetgewing;</li> <li>- Wes-Kaapse provinsiale wetgewing.</li> </ul>	<p>Alle programme</p>	
<p><b>Menslike hulpbronbestuur</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Organisasoriese ontwikkeling;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>- Die Departement se (i) organisatoriese gedragsverslae; (ii) besigheidsprosesverslae; (iii) organisasie-ontwerpverslae;</li> <li>- Transversale dienslewering-intervensieverslae;</li> <li>- Provinsiale Opleidingsinstituut;</li> <li>- Menslike Hulpbronbestuur;</li> <li>- Bestuur van poste;</li> <li>- Diensvoorwaardes;</li> <li>- Vakatures en aanstellings;</li> <li>- Beëindiging van Diens;</li> <li>- Kwalifikasies, Opleiding en Ontwikkeling van Vaardighede;</li> <li>- Personeelomset;</li> <li>- Personeelbeheer;</li> <li>- Werknemerverhoudinge;</li> <li>- Gesondheid en welstand van werknemers;</li> <li>- Gedragdinamika;</li> <li>- Menslike Hulpbronoproepsentrum;</li> </ul>	Program 1	
<p><b>Interne finansiële bestuur</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Begroting</li> <li>- Rekeningkundige verantwoordelikheid</li> <li>- Uitgawes</li> <li>- Bankreëlins</li> <li>- Fondse</li> <li>- Korporatiewe Versekering</li> <li>- Interne Oudit</li> <li>- Ouditverslae</li> </ul>	Program 1	
<p><b>Voorsieningskettingbestuur</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Verkryging</li> <li>- Voorsiening</li> <li>- Batebestuur</li> </ul>	Program 1	
<p><b>Bestuur van interne fasiliteite</b></p>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>- Geboue en Gronde</li> <li>- Toerusting en Meubels</li> <li>- Telekommunikasiedienste</li> <li>- Beroepsgesondheid en -veiligheid</li> </ul>	Program 1	
<p><b>Interne reis- en vervoerdienste</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Vervoer</li> </ul>	Program 1	
<p><b>Interne inligtingsdienste</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Bestuur van interne rekords</li> <li>- Biblioteekbestuur</li> <li>- Inligtingsbestuur</li> <li>- Kennisbestuur</li> <li>- Aangeleenthede met betrekking op interne sekuriteit</li> <li>- Sentrum vir E-Innovering</li> </ul>	Program 1	
<p><b>Kommunikasie</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Interne kommunikasie</li> <li>- Beter Tesame-tydskrifte</li> <li>- Toesprake en lesings</li> <li>- Bewusmakingsprogramme</li> <li>- Maatskaplike sake</li> <li>- Deelname aan geleenthede</li> <li>- Publikasies</li> <li>- Kontakbesonderhede</li> </ul>	Program 1	
<p><b>Eksterne verhoudinge</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ontwikkeling van netwerke</li> <li>- Statutêre ondersteuning van die interregeringstruktuur</li> <li>- Internasionale samewerkingsooreenkomste</li> <li>- Kwartaallikse verslae oor strategiese internasionale gesprekvoeringsgeleenthede</li> <li>- Provinsiale protokolaangeleenthede</li> </ul>	Program 1	

<p><b>Ondersteuning aan Departementshoof</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Bedryfsondersteuning</li> <li>- Parlementêre aangeleenthede</li> <li>- Probleembestuurstelsel</li> <li>- Spesiale programme en projekte</li> </ul>	<p>Program 1</p>	
<p><b>Menseregte-ondersteuning</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Beleid</li> <li>- Verslae</li> </ul>	<p>Program 1</p>	
<p><b>Volhoubare hulpbrongebruik en –bestuur</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Projeklêers van Ingenieursdienste verskaf (al 6 distrikte)</li> <li>- Projeklêers van LandCare-projekte (al 6 distrikte)</li> <li>- Bewysmateriaal (JPP)</li> <li>- Internskappe</li> <li>- Ramphulp verskaf</li> <li>- Aansoeke om onderverdeling en/of hersonering van landbougrond</li> <li>- BID-verkrygings</li> <li>- Notule van Koördineringskomitee oor Landbouwater</li> <li>- Register van lêers</li> <li>- Bateregister</li> <li>- Verblyf en reis (VR)-eise</li> <li>- Kwotasies</li> <li>- Notule van provinsiale Waterskakelingskomitee</li> <li>- WK Strategiese Komitee or Watervoorsiening</li> <li>- Verskeie waterstudieprojekte</li> </ul>	<p>Program 2</p>	
<p><b>Ondersteuning en ontwikkeling van landbouprodusente</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Projeklêers van program (al 6 distrikte)</li> <li>- Bewysmateriaal (JPP)</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>- Departementele Projektoewysingskomitee (DPTK)-vergaderings</li> <li>- Kommoditeitslêers</li> <li>- Kommoditeitsprojek Toewysingskomitee</li> <li>- Vergaderings (CPAC)</li> <li>- Digitale pen / X-kalibreer lêer</li> <li>- Manstrat</li> <li>- Omvattende Landbouondersteuningsprogram (OLOP)</li> <li>- Uitbreidingsherlewingsprogram (UHP)</li> <li>- Ilima/ Letsema</li> <li>- Staatsdienskommissie</li> <li>- Meganisasie</li> <li>- Mentorskap</li> <li>- Interdepartementele Taakspan oor Voedselsekerheid</li> <li>- Provinsiale Restitusie-bestuurskomitee</li> <li>- Provinsiale Toelaekomitee (DLOGH)</li> <li>- CASIDRA</li> </ul>	<p>Program 3</p>	
<p><b>Veeartsenykundige dienste</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Persoonlike inligting van kliënt</li> <li>- Laboratoriumverslae</li> <li>- Navorsingsresultate</li> <li>- Epidemiologieverslae</li> <li>- Liassing (Rekordhouding, insluitend personeellêers)</li> <li>- Lys van geregistreerde abattoirs</li> <li>- Lys van gemagtigde vleisinspekteurs /ondersoekers</li> <li>- Lys van sterilisasie-aanlegte</li> <li>- Lys van abattoirs wat goedgekeur is vir uitvoer van huide en velle</li> <li>- Lys van verspreiders van uitgevoerde huide en velle</li> <li>- Lynfunksie Jaarverslag Dieregesondheid</li> </ul>	<p>Program 4</p>	

<ul style="list-style-type: none"> <li>- Verslae oor uitbrekings van diersiektes</li> </ul> <p><b>Dieresensusverslag</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Diersiektes-gebeurlikheidsplanne en Standaard Bedryfsprosedures</li> <li>- Verslae oor diersiekte-toesig</li> <li>- Verslae oor diersiektevoorkoming en inentingsaksies</li> <li>- Gedetailleerde rekords van uitvoere en uitvoerondernemings</li> </ul>		
<p><b>Navorsings- en Tegnologie-ontwikkelingsdienste</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Navorsingsprojekte</li> <li>- Navorsingsresultate</li> <li>- Liassering (Rekordhouding, insluitend personeellêers)</li> <li>- Bewysmateriaal (JPP)</li> <li>- Notules van bestuur- en personeelvergaderings</li> <li>- Rekords oor grond-, water-, plant- en veevoerontledings</li> <li>- Persoonlike inligting van kliënt</li> <li>- Laboratoriumverslae</li> <li>- Persoonlike inligting van kliënt</li> <li>- Sakeplanne</li> <li>- Diensvlakooreenkoms</li> <li>- Verslae</li> <li>- Betalings</li> <li>- Bateregister</li> <li>- Verblyf en Reis (VR)-eise</li> <li>- Lêer met fakture en eise</li> <li>- Oordragbetalings</li> <li>- Departementele navorsingskomiteevergaderings</li> <li>- Werksversoeke vir instandhouding op die plaas</li> </ul>	<p>Program 5</p>	

<ul style="list-style-type: none"> <li>- Instandhoudingslyste vir projekuitvoering deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke</li> <li>- Verslae, Statistiek</li> </ul>		
<p><b>Landbou-ekonomiese Dienste</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Inligting oor grondhervormingsopname</li> <li>- Gekoopte intekeningdata</li> <li>- Quantec-data</li> <li>- Technofresh-data</li> <li>- Oesprysdata</li> <li>- Veeprodukpysdata</li> <li>- Veeteël-veilingdata</li> <li>- Landbougrond-waardedata</li> <li>- Wildspesieveilingsdata</li> </ul>	Program 6	
<p><b>Landbou-onderrig en –opleiding</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Toelating-/Gradueringsrekords</li> <li>- LOGIS-betalinglêers</li> <li>- Beurslêers</li> <li>- Eksamen vraestelle</li> <li>- Eksamenantwoordskrifte</li> <li>- Arbeidsverhoudinglêers</li> <li>- Koshuisrekords</li> <li>- Studentestatistieke</li> <li>- Studentelêers</li> <li>- Lêers oor studenteverwante sake</li> <li>- Tenderkontrakte</li> <li>- Eksamenuitslae</li> <li>- Spysenieringinligting</li> <li>- Finansiële verslae</li> <li>- Lêer met fakture en eise</li> <li>- Fasiliteitsbestuurrekords</li> <li>- VR-eise</li> <li>- Bateregister</li> </ul>	Program 7	

<ul style="list-style-type: none"> <li>- Staatsmotors</li> <li>- Notules van die personeelvergaderings</li> <li>- Notules van Departementshoofvergaderings</li> <li>- Puntebesprekingsvergaderings</li> <li>- Prospektus</li> <li>- Programselfevaluering</li> <li>- Vakevaluering</li> <li>- Rekords oor kortkursusse</li> <li>- Kwotasierekords</li> <li>- Sport en ontspanning vir studente</li> <li>- Rekords oor beserings aan diens</li> <li>- Bemarking</li> <li>- Thusongs, uitstallings (loopbaanuitstallings)</li> </ul>		
<p><b>Landelike Ontwikkeling</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Projekrekords van die program (alle aktiewe wyke van die Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram [OLOP])</li> <li>- Bewysmateriaal (JPP)</li> <li>- Vergaderings van die Departementele Projektoewysingskomitee (DPTK)</li> <li>- Interdepartementele Bestuurskomiteevergaderings</li> <li>- Vergaderings van PSD 11: Werkgroep 4</li> <li>- Casidra</li> <li>- Persoonlike inligting van kliënt</li> <li>- Sakeplanne</li> <li>- Diensvlakooreenkoms</li> <li>- Verslae</li> <li>- Betalings</li> <li>- Bateregister</li> <li>- RV-eise</li> <li>- Lêer met fakture en eise</li> <li>- Oordragbetalings</li> <li>- Plaaswerker van die Jaar-kompetiesies</li> </ul>		



<ul style="list-style-type: none"> <li>- Plaaswerker-spitsberade (Nasionaal en Provinsiaal)</li> <li>- Plaaswerker-verwysingsregister</li> <li>- Notules van die personeelvergaderings</li> <li>- Projekrekords van die program (al 6 distrikte)</li> <li>- Bewysmateriaal (JPP)</li> <li>- Vergaderings van die Departementele Projektoewysingskomitee (DPTK)</li> <li>- LOGIS-betalings</li> <li>- Rekords oor arbeidsverhoudinge</li> <li>- Spysenieringsinligting</li> <li>- Finansiële verslae</li> <li>- Maandelikse verslae</li> <li>- Kwartaalikse verslae</li> <li>- Lêer met fakture en eise</li> <li>- Fasiliteitsbestuurrekords</li> <li>- VR-eise</li> <li>- Bateregister</li> <li>- Staatsmotors</li> </ul>		
---	--	--

## 9. KATEGORIEË REKORDS VAN DIE WKDVL WAT AUTOMATIES BESKIKBAAR IS SONDER VERSOEK OM TOEGANG

Die volgende rekords is beskikbaar vir besigtiging ingevolge artikel 15(1)(a)(i) en vir kopiëring ingevolge artikel 15(1)(a)(ii).

Dokumente wat gratis van die WKR-portaal by [www.elsenburg.com](http://www.elsenburg.com) afgelaai kan word ingevolge artikel 15(1)(a)(iii), is met 'n asterisk gemerk.

<b>Beskrywing van kategorieë rekords wat ingevolge artikel 15(1)(a) outomaties beskikbaar is sonder versoek om toegang</b>	<b>Formaat van toegang tot rekords ingevolge artikel 15(1)(b)</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>a) Jaarverslae*</li> <li>b) Jaarlikse Prestasieplanne*</li> <li>c) Vyf-jaar strategiese Planne*</li> <li>d) Organisasoriese struktuur*</li> </ul>	

<p>e) Jaarverslag vir burgers*</p> <p>f) Begroting: Beramings en Inkomste en Uitgawes.</p> <p>g) Organisasoriese Struktuur</p> <p>h) Dienslewerings- implementeringsplan</p> <p>i) Dienshandves*</p> <p>j) Diensstandaarde*</p> <p>Die volgende inligting is op die webtuiste (<a href="http://www.elsenburg.com">www.elsenburg.com</a>) beskikbaar</p> <p>k) Rakende die Departement</p> <p>l) Geleenthede</p> <p>m) Media</p> <p>n) Radio Elsenburg</p> <p>o) Kalender van geleenthede</p> <p>p) Dienste</p> <p>q) Navorsing en Ontwikkeling</p> <p>r) Landbou- ontwikkelingsentrums</p> <p>s) Inligtingsblaaie</p> <p>t) Elsenburg Kollege</p>	<p>Afskrifte van hierdie rekords is gratis beskikbaar by die Landbou-tak, Privaat Sak X1, Muldersvleiweg, Elsenburg</p>
<p>u) Wes-Kaapse Regering Provinsiale Koerant</p>	<p><a href="https://www.westerncape.gov.za/general-publication/provincial-gazettes-2016">https://www.westerncape.gov.za/general-publication/provincial-gazettes-2016</a></p>

#### 10. DIENSTE VAN DIE WKDVL BESKIKBAAR AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK EN HOE OM TOEGANG TOT DAARDIE DIENSTE TE BEKOM

Die Openbare Liggaam lewer die volgende dienste direk aan die publiek:

Dienste wat deur die WKDvL gelewer word	Hoe om toegang tot hierdie dienste te verkry
<p>Die WKDvL het beide interne en eksterne kliënte. Die interne kliënte van die organisasie bestaan uit die Ministerie en die WKDvL, die organisasie se topbestuur, en ander direkorate en</p>	<p>Verkry toegang tot die WKDvL-webbladsy by <a href="https://www.westerncape.gov.za">https://www.westerncape.gov.za</a></p>

